



Drostdy is 'n Belewenis
Ons staan vir:
Respek, Liefde, Verantwoordelikheid & Trots

23 Februarie 2018

Geagte Ouers

Uit die Hoof se Kantoor

Dit is vir my 'n groot voorreg om in hierdie nuusbrief verslag te lewer van wat die afgelope maand by Drostdy plaasgevind het. Ons het begin met die Astro-hokkieveld. Die gras is reeds verwyder en die uitgrawings is gedoen. Die oppervlak sal hierdie week gevul word en dan word daar begin met die fondasie. Baie dankie aan die ouers wat gehelp het met die verwydering van die gras en dankie ook aan die ouers wat donasies daarvoor gegee het. Ongelukkig het instansies nie kans gesien om gras te kom haal nie, as gevolg van die droogte in die Wes-Kaap. Ons sal die week begin met die beplanning van die nuwe krieketblad wat na die onderste veld skuif.

Ons atletiek beleef 'n ongelooflike seisoen. Ons het die Prestige Byeenkoms met groot sukses tuis aangebied. Die deelnemende skole was vol lof oor die gehalte van die byeenkoms. Op Vrydag 16 Februarie 2018 het ons aan die Cape Gold Interhoër deelgeneem wat plaasgevind het op Dal Josafat in die Paarl. Ons is die enigste skool buite die Westelike Provinsie wat genooi is. Ek kan met trots sê dat die Drostdyders hul goed van hul taak gekwyd het. Ons dogters eindig in die sesde plek met Stellenberg se dogters net 19 punte voor ons. Ons seuns eindig in die tweede plek met 34 punte minder as Boys' High. Ons klop vir Paarl Gimnasium, Paul Roos, Boland Landbou, Stellenberg, DF Malan en Bellville. Ons eindig in die tweede plek in die gemengde skole afdeling. Dit is 'n besondere prestasie! Baie geluk aan al die atlete en afrigters. Baie dankie aan die ouers wat ons so goed ondersteun het.

Dankie aan die toutrekoers wat so betrokke is. Julle maak die sportsoort met groot entoesiasme werk en ander skole kan maar gerus by ons kom leer. Baie sterkte aan die toutrek wat nou in die finale stadium is met die voorbereiding vir die SA's. Die tennis vaar uitstekend en het nog nie hierdie kwartaal 'n wedstryd verloor nie. Dankie aan mnr Callie le Roux en mnr Danie le Roux vir julle harde werk. Die krieket moes van hul wedstryde afstel as gevolg van die werksaamhede op die terrein, maar hul uitslae is ook beter as vorige jare en ons is trots op ons spelers.

Met die atletiekseisoen nou amper agter die rug, begin ons ons vere regskeud vir die wintersport. Die spanne word nou uitgesorteer en hulle maak gereed vir die vakansieprogramme. Ouers het reeds inligting ontvang van al die toere en wedstryde wat gedurende die vakansie plaasvind. Indien u nie die inligting ontvang het nie, kontak asseblief vir mnr Kurt Herzog.

Afsprake vir Koshuisleerders

Afsprake vir koshuisleerders moet na skool geskied. Indien dit nie moontlik is nie, moet daar ten minste twee dae voor die afspraak met die Algemene Kantoor gereël word, sodat daar spesiale reëlings getref kan word.

Indien u u kind wil uitteken by die koshuis, moet u me Nicoline Lingenfelder skriftelik daarvan in kennis stel. Dit moet ook vooraf geskied, sodat dit nie gebeur wanneer u reeds by die skool is om u seun of dogter te kom haal nie. Die koshuisbeleid is beskikbaar. Gaan asseblief deur die beleid om seker te maak van die prosedure in die verband.

Gedurende die Maart-vakansie gaan ons weer 'n Noord-Suid Derby vir netbal aanbied. Dit beteken dat al die koshuis kamers ontruim moet word om plek te maak vir die toerspanne. Ek glo u verstaan hoekom ons sulke toernooie aanbied en dat die skool addisionele fondse daardeur in, anders sal die skool net moet staatmaak op die koshuisgeld wat ouers betaal.

Baie dankie aan die ouers wat gereeld skool- en koshuisgeld betaal. Om die skool goed te laat funksioneer is ons afhanklik van die skoolgeld. Indien u 'n probleem ondervind, moet u asseblief die Finansiële Kantoor skakel om die nodige reëlings te tref. Daar is verlede jaar tydens die begrotingsvergadering baie klem gelê op agterstallige skoolgeld en ouers wat nie die nodige reëlings tref nie. Ongelukkig gaan sulke gevalle oorhandig word aan die skool se prokueurs vir invordering.

Die mini-eksamen begin op Vrydag 16 Maart 2018. Kyk gerus na die rooster wat in die huiswerkboekie (bladsy 40) is. Dit is en bly ons eerste prioriteit en ons wil hê dat die leerders goed sal presteer.

Op Donderdag 8 Maart 2018 vind die Beheerliggaamverkiezing in die skoolsaal plaas. 'n Kennisgewing hieromtrent is reeds uitgestuur en nominasies word ingewag by die skool vir ouers wat hulself beskikbaar stel om op die Beheerliggaam te dien. Ek wil van die geleentheid gebruik maak om vir die huidige Beheerliggaam dankie te sê vir dit wat ons vermag het. Ons het nie net die skool se akademiese uitslae drasties verbeter nie, maar daar is geweldig baie energie by die koshuis ingesit om dit 'n besondere belewenis te maak vir ons leerders. U kan gerus gaan kuier by enige skool waar koshuise is en wat min of meer dieselfde koshuisgeld as ons het - ek is heeltemal oortuig dat Drostdy kop en skouer uitstaan by enige een. Hierdie sukses kan ek slegs toeskryf aan elke lid se betrokkenheid sonder verskuilde agendas en dat dit altyd gegaan het oor die groter prentjie en nie net hul kinders wat hier op skool is nie.

Baie dankie ook aan elke personeellid wat die skool besonder maak - dit sluit almal op die terrein van Drostdy in.

Ek wil graag van die geleentheid gebruik maak om die Beheerliggaam te bedank vir hul onbaatsugtige en waardevolle bydraes en ondersteuning die afgelope jare. Onder jul leiding en met jul hulp het HTS Drostyd merkwaardig gegroei en presteer op alle terreine. Ons termyn het tot 'n einde gekom en die tyd het aangebreek vir ander ouers om voort te bou op die fondasie wat ons gelê het. Dit was opreg 'n voorreg om saam met julle te dien en ek wens julle alle voorspoed en seën toe op jul pad. Ek weet dat julle ander ook tot seën sal wees waar julle jul ookal bevind.

Ek besef dat bitter min ouers regtig weet presies hoe die Beheerliggaam saamgestel word, wat so 'n ouer se pligte behels en presies wat van hom verwag sal word indien hy/sy tot die Beheerliggaam verkies sou word. Hieronder volg 'n kort samevatting van die statutêre samestelling, bevoegdhede van 'n Beheerliggaamslid ingevolge die relevante bepalings van die Skolewet Nommer 84 van 1996.

1. Artikel 18: Oogmerke & Doelstellings van die Beheerliggaam

Die beheer en bestuur van die skool wat aan hom opgedra is, op 'n wettige, kundige, verantwoordelike en koste-effektiewe wyse te behartig.

Deurgaans die beste belange van die skool te bevorder.

Enige bedreiging vir die beste belange van die skool betyds te identifiseer en gepaste stappe daaromtrent te doen.

Enige onregmatige ontwrigting of moontlike onregmatige ontwrigting van die onderwysproses by die skool te voorkom of teen te gaan.

Die voorsiening van onderwys van die hoogste moontlike gehalte in die heersende omstandighede aan alle leerders in die skool te verseker.

Die ontwikkeling van die skool te bevorder deur die gehalte van opvoeding vir alle leerders te probeer verhoog.

Die regte van alle leerders, ouers en opvoeders van die skool te handhaaf en om die aanvaarding van verantwoordelikheid vir die organisasie, beheer en finansiering van die skool in vennootskap met die staat te bevorder.

Die fondse en ander bates van die skool, sowel as die bates van die staat of andere wat deur die skool gebruik word, op die beste moontlike wyse te bestuur of te laat bestuur.

2. Ampsdraers

* Die hoof van die skool.

* Die Beheerliggaam bestaan uit sewe ouerlede wat verkies moet word.

* Twee opvoederlede.

* Een nie-opvoederlid.

* Twee leerders.

* Ampsdraers - Voorsitter & Ondervoorsitter & Tesourier (Dien as Voorsitter van die Finansiële Komitee)

* Enige ander ampsdraers wat die Beheerliggaam nodig mag vind om aan te wys onderworpe aan sodanige voorskrifte as wat hy mag neerlê.

3. Komitees

* Dagbestuur (Finansies)

* Terrein & Geboue

* Personeel- & Leerderaangeleenthede

* Koshuise

* Ouerskaking

* Bemarking

* Skoolbeleid

* Akademie

* Sport

* Kultuur

4. Opleiding

* Waar pas die individuele lid van die Beheerliggaam in?

* **Wat is beheer en wat is bestuur?**

* Die rol en plek van die voorsitter, die skoolhoof en komitees van die Beheerliggaam en die Skoolbestuurspan.

* Die funksies van 'n Beheerliggaam.

* In die skoolomgewing is die Beheerliggaam verantwoordelik vir beleidsbepaling, terwyl die hoof en ander opvoeders daardie beleid moet toepas.

* Artikel 16(1) - **Beheer** setel in **Beheerliggaam**

* Artikel 16(2) - Staan in Vertrouensposisie

* Artikel 16(3) - **Professionele Bestuur** setel in **Skoolhoof**

5. Bestuurder

* Beplan

* Organiseer

* Beheer (Sake soos Gewoonlik)

* Begroot

6. Governor

* Visualiseer deur waardes.

* Inspireer (Strategies - Bestuur)

* Rus Toe (Verandering)

* Bring ander se werk in pas met mekaar.

7. Die Voorsitter

* Sameroeper van vergaderings.

* Beskerm die skoolhoof.

* Handhaaf goeie verhouding en noue bande met skoolhoof (bestuur die HUB).

* Dien as skakel tussen die Beheerliggaam en ander betrokke partye, soos die departement.

8. Die Skoolbestuurspan

- * Uitvoerende komitee van 'n maatskappy.
- * Geen regsdrag.
- * Skoolhoof stel die span saam om hom te help om sy opdrag uit te voer.
- * Toepassing van beleid en strategie soos wat Beheerliggaam bepaal.
- * Maak praktiese voorstelle aan die Beheerliggaam.

9. Komitees

- * Skolewet (Artikel 30)
- * Om Beheerliggaam met die verrigting van werksaamhede by te staan.
- * Beheerliggaamlid as voorsitter.
- * Besluite word bekragtig deur volle Beheerliggaam ná aanbevelings.
- * Soos finansies, sport, akademie, kultuur, dissipline, bemarking, koshuise ensovoorts.

10. Funksies

Beheerliggaam is kragtens wetgewing tot stand gebring en gevolglik word hul funksies, pligte en bevoegdhede ook deur wetgewing bepaal.

* Twee hoofgroepe:

- Algemene Funksies (Verpligtend)
- Toegewese Funksies (Beheerliggaam se Keuse)

10.1 Algemene Funksies

- * Grondwet Aanvaar - Artikel 18 & 20(1)(b)
- Ampsdraers - Artikel 29(1)
- Komitees - Artikel 30
- * Beheer van Openbare Skole - Artikel 16
- * Toelatingsbeleid - Artikel 5(5)
- * Taalbeleid - Artikel 6(2)
- * Godsdienstbeleid - Artikel 7 & 20(1)(c)
- * Gedragskode vir Leerders - Artikke 8(1) & 8(3) & 20(1)(d)
- * Dissipline (Skorsing & Uitsetting) - Artikel 9
- * Finansiering van Openbare Skole - Artikel 36
- Skoolfonds - Artikel 37
- Begroting - Artikel 38
- Invordering - Artikel 39 & 40
- Rekordhouding - Artikel 42
- * Plig om Inligting te Verstrek - Artikel 59
- * Indiensneming van Personeel (Beheerliggaamposte)
- * Aanbevelings by Departementele Aanstellings van Personeel (Wet op Indiensneming van Opvoeders - Artikel 6 & 7 & 8)
- * Werksaamhede van Alle Beheerliggame (Lys van Bevoegdhede - Artikel 20)

Artikel 20 (Bevoegdhede)

- * Bevorder die beste belange van die skool deur te verseker dat onderwys van gehalte voorsien word - 20(1)(a).
- * Aanvaar 'n grondwet - 20(1)(b), skool se missiestelling - 20(1)(c) en 'n gedragskode vir leerders - 20(1)(d).
- * Ondersteun personeel van die skool in die verrigting van hul werksaamhede - 20(1)(e).
- * Bepaal die tye van die skooldag - 20(1)(f).
- * Administreer en beheer die skool se eiendom - 20(1)(g).
- * Moedig ouers, leerders, opvoeders en ander personeel van die skool aan om vrywillige dienste aan die skool te lewer - 20(1)(h).
- * Beveel aanstelling van opvoeders en nie-opvoeders by departement aan - 20(1)(i) & (j).
- * Laat die redelike gebruik van die skoolfasiliteite toe vir opvoedkundige programme wat nie deur die skool aangebied word nie - 20(1)(k).
- * Die Beheerliggaam kan die redelike gebruik van die fasiliteite van die skool vir gemeenskaps-, sosiale en skool fondsinsamelingsdoeleindes toelaat, onderworpe aan sodanige redelike en billike voorwaardes as wat die Beheerliggaam mag bepaal, wat die heffing van gelde of tariewe vir die skool se voordeel kan insluit - 20(2).
- * Die Beheerliggaam kan by 'n vrywillige vereniging wat beheerliggame van openbare skole verteenwoordig aansluit. (Artikel 20(3) - FEDSAS)

10.2 Toegewese Funksies (Beheerliggaam se Keuse) - Artikel 21

Met die skriftelike toestemming van die departementshoof kan 'n beheerliggaam enige van die volgende werksaamhede verrig:

- * Instandhouding en verbetering van die skool se eiendom.
- * Bepaling van buitemuurse kurrikulum van skool én vakkeuses/-opsies ingevolge die provinsiale kurrikulumbeleid.
- * Aankoop van handboeke, opvoedkundige materiaal of toerusting vir die skool.
- * Betaling vir dienste aan die skool.

11. Gevaarligte

Ervaring het geleer dat ons moet waak teen die volgende:

- * Negatiewiteit
- * Verskuilde agendas.
- * Beriggewing wat nie feitlik korrek is nie.
- * Finansiële wanbestuur.
- * Neem van kortpaaie.

Ek sluit graag af met die volgende:

- * Om die Beheerliggaam te dien is uit en uit 'n roeping.
- * Dit is lang ure, baie moeite sonder vergoeding en meestal sonder enige erkenning.
- * Omdat ons almal ouers is gaan dit nie oor ons eie kinders se individuele belang nie, maar oor die groter prentjie en die kollektiewe belang van ons kinders en HTS Drostyd.
- * 'n Beheerliggaamlid moet 'n bouer wees.
- * Ons kan nooit bekostig om draadsitters of kwaadstokers te akkommodeer nie.

- * Die skool se visie van uitnemendheid moet deur elke lid gedeel word en elke lid moet help om dit uit te bou.
- * Ons het 'n fantastiese hoof, adjunkhoofde en onderwyserkorps - as lid hoef ons nie met hul werksaamhede in te meng nie.
- * Ons primêre doel is om die skoolhoof en sy bestuurspan te ondersteun.
- * Ons help waar spesifieke kundigheid ontbreek.
- * Jy sal in spanverband moet kan werk en altyd in belang van ons skool en ons kinders.

Ek wil elke ouer uitnoui wat hiervoor kans sien om 'n positiewe verskil te kom maak in HTS Drostdy se Beheerliggaam. Daar is altyd plek vir verbetering. As jy kan verbeter, raak betrokke.

Jacques Johan Marais (Voorsitter)

1. Persoonlike Inligting van Ouers

Tesame met die nuusbrief ontvang elke ouer 'n uitdruk van hul persoonlike inligting. Gaan dit asseblief deur. Indien die inligting korrek is, teken dit asseblief. Indien die inligting foutief is, maak dit asseblief reg deur langsaan die korrekte inligting neer te skryf. **Stuur dit terug skool toe op Maandag 26 Februarie 2018.**

Die vorm waarop u u mediese inligting moet invul, word ook vir u aangeheg. 'n Afskrif van u mediese fondskaartjie moet ook op die vorm aangebring word. Die volledig voltooide vorm **MOET** op Maandag 26 Februarie 2018 terug wees by die skool.

Geniet die naweek met die kinders by die huis.

Vriendelike Drostdygroete

HOOF & PERSONEEL